



Knowledge grows



# ABFlex 'n Bewese, unieke en veelsydige stelsel vir die toediening van voedingstowwe

Yara Cape het oor die afgelope 16 jaar 'n twee-tenk voedingstof-toedieningskonsep ontwikkel wat vloeibare produkte gebruik om 'n voedingstof-toedieningstelsel te skep wat gevorderd én bekostigbaar is. Die grootste voordeel van die ABFlex-konsep is eenvoud, algehele aanpasbaarheid wat die skedulering van voedingstowwe betref en die volledige bestuur van stikstof en kalium. Die aanpasbaarheid van hierdie stelsel is te danke aan unieke produkformulering en die bestuur van belangrike voedingstofkonsentrasies tydens spesifieke groeifases. Weens die produkformulasie, kan die totale plaas met slegs twee produkte bemes word, wat minimum stoorplek vereis. Indien ABFlex volgens aanbeveling gebruik word, word al die noodsaaklike voedingstowwe ten minste teen basislynvlakke toegedien.

Die ABFlex-stelsel is op geen of minimale chloriedvlakke en hoë nitraat-gebaseerde rou materiaal gegrond. Verskeie moniteringstelsels word ingespan om produsente met die toediening van voedingstowwe te help. Dit sluit in die Yara N tester (chlorofilmeter) wat die bestuur van stikstof onmiddellik en baie meer akkuraat maak.

Die ABFlex-konsep maak voorsiening vir die waterbydrae van voedingstowwe en die volledige pH-bestuur van die voedingstofoplossing.

Sagteware is ontwikkel om die ABFlex-stelsel te ondersteun. Dit is gebruikersvriendelik en op Microsoft Excel gebaseer. Die eenvoudige invoer van die betrokke data kan die volgende benut of verslag oor die volgende doen:

- Gedetailleerde besproeiingskedule met die presiese volume water wat per groeifase nodig is
- Gedetailleerde ontleding van voedingsvereistes per groeifase (groeï- en opnamekurwes)
- Berekening van minimum voedingstofkonsentrasies wat per groeifase nodig is volgens die standaard wat vir elke gewas ontwikkel is
- Aanbevelings ten opsigte van produk- en voedingstofbestuur, insluitend verdunning en volumetoediening per groeifase
- Deurlopende monitering van toedieningshoeveelhede per voedingstof.

## Produk-opsies in ABFlex:

Die ABFlex-stelsel kan ingepas word by enige boerdery, hetsy kompleks of eenvoudig. Dus is verskeie metodes moontlik om die vloeibare bemesting toe te dien wat by verskeie boerdery praktyke kan inpas. Die ABFlex-stelsel kan ook by meeste besproeiings-sagteware-stelsels ingebou word.

### Tenk A:

Die vernaamste doel van die samestelling van produkte soos Orion, Orion Plus en Triton is om kalsium (Ca) en magnesium (Mg) saam met stikstof toe te dien sodat die belangrike agronomiese voordele daarvan benut kan word.

### ORION

Die produk bevat nitraat en ammonium-stikstof met bygevoegde magnesium. Orion het die ideale kalsium-tot-stikstof verhouding vir die meeste gewasse en kan tydens die hele groeiseisoen toegedien word. Dit kan in bykans enige besproeiingstelsel gebruik word.

### ORION PLUS

Orion Plus is 'n produk wat hoë stikstofvlakke en 'n hoë verhouding van kalsium (Ca) tot stikstof met magnesium bevat. Dit is spesifiek geformuleer vir toediening tydens die blom- en vrugontwikkelingsstadiums. 'n Groot persentasie stikstof in Orion Plus is in nitraatvorm.

### TRITON

Triton bevat hoë vlakke van stikstof, met 'n beduidende konsentrasie van kalsium en magnesium. Dit kan tydens al die ontwikkelingsstadiums op 'n groot verskeidenheid gewasse gebruik word. Die unieke formulering van Orion, Orion Plus en Triton help om die grootste beskikbaarheid van voedingstowwe te verseker.

### Tenk B:

Forfor (P) en kalium (K) is die belangrikste voedingstofkomponente in Tenk B. Omdat daar ook swavel in hierdie produkte is, bied dit 'n volledige pakket van voedingstowwe. 'n Volledige spektrum van spoorelemente in chelaatvorm kan, indien nodig, by die inhoud van Tenk B gevoeg word om die toediening

van al 12 noodsaaklike plantvoedingstowwe moontlik te maak. Hierdie produkte sluit in Mars, Venus, Libra en Polaris.

### POLARIS

Hierdie produk het die ideale fosfor-tot-kalium verhouding vir toediening op die meeste gewasse. Dit word gewoonlik tydens die reproduksie- en rypwordingsfases toegedien. Dit kan in bykans enige besproeiingstelsel gebruik word.

### MARS

Mars is soortgelyk aan Polaris, maar die produk het 'n hoë fosfor-tot-kalium verhouding. Dit word toegedien in grond met lae forforvlakke. Mars word ook aan die begin van die vrugteseisoen gebruik wanneer die vrugte baie energie vir groei benodig. Die produk is chloorvry.

### VENUS

Hierdie hoë-gehalte en goed gebalanseerde produk sonder enige chloried word hoofsaaklik in gevorderde voedingstof-toedieningstelsels gebruik waar hoë-waarde gewasse verbou word.

### LIBRA

Die verhouding tussen fosfor (P) en kalium (K) is taamlik laag in Libra. Die toevoeging van magnesium (Mg) in Libra maak dit geskik vir gewasse wat baie kalium en magnesium in alle groeifases benodig. Dit is veral geskik vir grond wat met fosfor (P) opgebou word.

## Die voordele van Yara se ABFlex-stelsel:

- Beter oesvlakke (volume en gehalte)
- Doeltreffender gebruik van kunsmisstowwe in die meeste gevalle
- Beter plant-, boom- en wortelgesondheid
- Beter grond- en waterbestuur
- Beter beheer oor die toediening van kunsmisstowwe
- Yara ABFlex se produkte is helder vloeistowwe
- Akkurate en tydige toediening
- Oeste wat meer bestendig is
- Maklike vermenging met YaraVitaTM se mikro-voedingstowwe



**Yara Africa Fertilizer (Pty) Ltd**  
 Lambrechtstraat, Hugenoot  
 Paarl, Suid Afrika  
 ☎ +27 21 877 5300  
 ✉ info@yara.com  
 🌐 www.yara.co.za